# DEUR MY LENS

Groot was die vreugde van die dames op die PUK daardie dag toe die owerhede die groot toegewing gemaak het — langbroekpakke kan nou gedra word. In plaas daarvan dat almal saam bly wees daaroor, verneem ons dat daar alweer 'n ou groepie persone is wat die toegewing kritiseer en almal daaraan dink om 'n petisie op te stel teen die dra van langbroekpakke. Ek is oortuig daarvan dat dit juis die groep is wat ek die vorige keer aangespreek het, m.a.w. hulle wat 'n bespotting van hulleself sal maak indien hulle sou waag om 'n langbroek-pak aan te trek! Nee man, word tog groot. Moenie, as gevolg van die feit dat julle nie by die toegewing kan baat nie, die ander wat wel met vrymoedigheid langbroekpakke kan dra, met sulke kleinlikhede probeer verhinder nie. Moenie, omdat julle dit nie kan dra nie, ons owerhede probeer voorskryf hoe hulle te werk moet gaan nie. Wees liewer bly dat daar tog mense is wat by daardie toegewing kan baat.

Julle weet, as ek so oor die situasie dink, kan ek nie anders as om tot die slotsom te kom dat ons op hierdie kampus 'n groot groep frustreerde dames het nie. Dames wat met niks genoeë neem nie, wat glad nie daarop uit is om te bou nie, maar net om af te breek en onmin te saai sover as waartoe hulle in staat is. Dit sluit egter aan by wat ek in die vorige rubriek gesê het.

Wat is fout dames? Waarom is niks meer goed nie? Waarom aanvaar julle alles as vanselfsprekend? Wat? sal julle vra. Dit sal ek beantwoord met 'n teenvraag: Wie van julle het al julle dankbaarheid teenoor die owerhede vir die toegewing bekend gemaak? Nou praat ek veral met die wat wel langbroekpakke dra. Dit is mos sommer vanselfsprekend dat so 'n toegewing gemaak word. Die owerhede het sommer besluit dat dit nou koud genoeg is om langbroek pakke te dra. Die Studenteraad het mos niks met die aangeleentheid te doen gehad nie. Hoeveel van ons dameskoshuise het al daardie mense bedank? Nee dames, maak daardie fout reg. Laat daardie mens voel die massa waardeer dit wat hulle doen en laat hulle 'n bietjie erkenning kry vir wat hulle doen — dan sal hulle poog om al hoe meer vir die studentemassa te doen. Laat ons nie so onvergenoegd wees nie, dames!

Begin nou dadelik om vriendelik te wees. Dan sal julle weer die mooie en die goeie sien in wat ander doen. Dan sal julle nie petisies opstel teen so 'n vergunning nie, julle sal nie dit wat ander doen wil kritiseer nie, maar julle sal almal so 'n toegewing verwelkom — al vind julle nie self baat daarby nie — maar vir die hele massa se onthalwe. Dan sal julle nie met so 'n frustreerde uitdrukking op julle gesigte rondloop en die wêreld versuur nie, maar julle sal 'n opgewekte gelukkige groepie mense wees.

Groetnis,

REFLEKTOR.

## ALABAMA STEL BEKEND

Die nuwe plaat die "*Beste van Alabama*" het so pas verskyn (R.P.M. 5019). Hierdie plaat word aanbeveel — dit bevat die beste uittreksels van al die vorige plate wat verskyn het soos Mooifontein, Die Jawoord is uit, To Life, Aangename Kennis, Polleneys, Bimbambula, Love Story en andere. Die Vaderland 28 April 1973: "Beslis die beste van Alabama en net die regte langspeler om 'n mens te laat wonder en uitsien na wat die klomp vanjaar op die verhoog met musiek en sang gaan doen. Voorwaar 'n verrassing!"

Die plaat is beskikbaar by enige platewinkel en ook by die Studenteraadskantoor.

BY VOORKEUR

Gebak deur

Turkstra

DIE KEURIGSTE
GEBAK IN
POTCHEFSTROOM

ONS LEWER AAN DIE
UNIVERSITEIT

# Laat ons weer boer-wees

U geagte leser, terwyl u met die *Wapad* op u koshuisbed lê, of op 'n lendelam bank in u koshuisvierkant in die wintersonnetjie sit, of met u boeketas tussen u knieë vasgeknyp in die voorportaal van u koshuis gou die *Wapad* deurblaai, kan u maar skuins opkyk na die opskrif van hierdie studentemening. U kan maar met 'n sug van misnoeë die *Wapad* laat sak en sê: Ag, alweer 'n kultuur-os. Maar dit is juis oor daardie skuins opkyk en daardie kultuur-os dekorasie waaroor hierdie studentemening gaan.

Laat ek dit maar duidelik stel. As daar twee dinge is waaroor ek nie skaam is nie, dan is dit om 'n Christen en 'n Afrikaner te wees. Ek is trots om 'n nakomeling genoem te kan word van daardie jong volkie wat hierdie mooi land van ons getem het. Manne en vroue wat met 'n ontwakende nasionalisme in hulle harte, die vreemde vertes ingetrek het met geloof en moed en durf. Manne en vroue wat nie gehuiwer het om hulle vryheid met hulle eie bloed te koop nie en so die vryheid van hulle kinders te verseker. Daarom kan 'n ou darem nie anders as om koue rillings te kry wanneer jou volkslied gesing word nie, of wanneer 'n Puk astertjie van die Thaliaverhoog voordra:

*Ek is 'n arme Boerenooi,*
*deur vele min geag.*
*Maar tog uit edel bloed gebore*
*en uit 'n skoon geslag.*

En laat ons ook eerlik wees. Hoeveel jongmense is daar vandag nog wat in die ware sin van die woord rilling-bondgenote van diegene genoem kan word wat die volkslied nie anders as met hoendervleis kan sing nie? Hoe warm klop ons boereharte nog? Kry ons nog hartkloppens van lekkerkry as ons die Boerebloed deur ons are voel bruis wanneer ons terugdink aan ons mooi geskiedenis en vorentoe kyk op die taak wat wag.

Dit is my beskeie mening dat daar vandag in alle eerlikheid 'n voorraadopname gemaak moet word oor wat die gesindheid van die Afrikaner jongeling teenoor sy volkserfenis is, en in hoeverre baie van ons volksgebruike vandag nog aanvaarbaar en trotswaardig is. Want na my mening is volksbesit iets dinamies wat steeds ontwikkel en verander, sonder om die band met die verlede te verbreek. Daarom wil ek poog om in alle beskeidenheid, sonder om krampagtig vas

**Studentemening**



**Kobus van der Walt.**
**Th. B. VII**
*Fotokuns.*

te klou aan 'n valse sentiment en tradisionalisme, 'n mening te waag oor Boer-wees in 1973.

Kom ons kyk kortliks na gister en eergister om se ons posisie vandag en ons ideale vir more te bepaal. Volgens my mening is daar drie faktore in ons verlede wat ons Boer-wees in 1973 beinvloed het.

1. Ons jong Afrikaners is deel van 'n geslag wat nie sweet op die voorhoof, eelte op die hande en politieke idealisme ken nie. Sedert ons maar kan onthou het die Afrikaner sy staanplek reeds op beide die politieke en ekonomiese terrein gevind. Ons ken nie saamstaan en saamveg nie, en dit wat 'n mens op 'n skinkbord aangedra vind, waardeer jy tog nie.

2. In die definisie van 'n volk is daar twee hoof elemente nl. 'n gemeenskaplike woonplek en gemeenskaplike volksbesit. In Suid-Afrika het ons egter die posisie dat die Afrikanervolk nie sy eie woonplek het nie. Naas die Afrikanervolk is daar ook die Engelse komponent van die blanke bevolking in Suid-Afrika. Dit moet noodwendig ook sy invloed hê op die handhawing en uitbou van die Afrikaner se volkserfenis. Maar veel omvattender was die invloed wat die massakommunikasie oor die hele wêreld heen op die verskillende volkere gehad het. Dit het die wêreld klein gemaak en verre horisonne is nader gebring. Dit het 'n wêreldkultuur aan die hand gewerk. Ook ons jong Afrikaners het die skyf geword van hierdie wêreldkultuur wat nie plek het vir 'n eiesoortige volksbesit nie.

3. In die laat vyftiger, vroeg sestiger jare is nasionale eenheid van talle politieke verhoë verkondig. Dit was nodig met Republiekwording in 1961. Hierdie nasionale eenheid is egter verkeerd verstaan. Daarmee is geensins die opheffing van volksgrense verstaan nie, maar die samewerking van volkere met erkenning van mekaar se identiteite. Maar tog is die jong Afrikaner van vandag die slagoffer van daardie misverstand wat tot valse eenheid sou gelei het.

Laat ons nou die prentjie vir ons duidelik kry. Aan die eenkant het ons 'n mooi verlede waaruit 'n jong volkie met sy mooi kenmerkende volksbesit gegroei het. Maar aan die anderkant sit ons jong Afrikaners in 1973 en moet ons verantwoording doen aan ons volksgewete in hoe verre ons nog trots is op volkseie van 'n paar dekades gelede. In hoe 'n mate kom dit nog sigbaar in ons optrede tot uiting? En dan glo ek, is ek nie ver verkeerd indien ek dit so sal stel dat dit bedroewend min is nie.

Volksbesit, soos reeds gesê, is iets dinamies. Dit is iets wat beleef moet word en daarom is dit moeilik om dit presies in woorde uit te druk wat jy met die Afrikaner se volksbesit bedoel. Oor die hart van die Afrikaner belewing wil ek nie nou by stil staan nie, maar ek wil kortliks by enkele sigbare uitings van daardie Afrikaner belewing stilstaan om so bostaande stelling te verduidelik.

Twee van die belangrikste uitinge is 'n volk se volksdanse en volksang. Dit is nie moeilik om ons Pukke se gesindheid teen oor volkspele te verduidelik nie. U weet self hoe word daar met afkeuring in die eetsale gesis wanneer daar afgekondig word dat daar volkspele vanaand is. En wat dink u nie van ons eie volkssang nie? Ons word altyd geprikkel deur die vreemde en onbekende in 'n ander volk se sang. Ek stem saam dat daar ook liedjies in ons volkssang is wat niks anders as sentimentele snert is nie. Maar nou wil ons die kind met badwater weggooi deur 'n antipatie vandag te besit teenoor al wat Afrikaanse liedjie is. Nou bestaan die ironie vir my, dat wanneer jy die woorde van die vreemde liedjie nagaan dan is dit in sommige gevalle nog meer sentimenteel as ons liedjies.

Nee Pukke, waarom kan ons nie ook trots wees op ons volkseie nie? Moenie net sit en kritiseer nie, maar aanvaar die uitdaging om te bou aan ons volkseie. Kom met nuwe verfrissende inhoude sodat ons 'n volksdans en 'n volkssang kan kry wat eie is aan Boer-wees in 1973. 'n Maklike taak is dit inderdaad nie. Dankie Alabama vir wat reeds gedoen is. En geluk die A.T.K.V. wat vanjaar 'n popfees van Afrikaanse volkssang op nasionale grondslag gaan aanbied.

Laat ons as Afrikaners weer ons kleur en identiteit wys sonder om 'n volkschauvinis te wees. Laat ons nie skaam wees om Boer in 1973 te wees nie.

## Elgro nooi uit

Die Elgro-hotel het groot planne en die grootste van al die groot planne is 'n sitkamer met biertuin en vyf braaivleisplekke alleenlik vir studente. Die sitkamer het sy eie kroegie asook 'n toonbank waar hamburgers en skyfies en dies meer te koop sal wees.

Hierdie plekkie is direk langs die hotel en wel 'n nuwe uitbreiding net vir ons. Op die boonste vloer is daar 'n groot onthaallokaal vir 400 mense.

Die Elgro-hotel nooi u om 21 Junie 1973 vanaf 10 vm. tot 4 nm. die plek amptelik in gebruik te kom neem. Alles is op die huis. Die aand is daar vir gaste wat deur hulle genooi word 'n amptelike ingebruikneming, en daarom vra ons ook dat u nie later as 4-uur sal bly nie.

'n Geskikte naam moet nog gevind word en ons hoop dat hierdie naam 'n speelwoord op elk van ons se tong sal wees en 'n naam waarop ons werklik trots kan wees.

Ons verwag u die 21ste Junie vanaf 10 vm. waar u die gaste van die Elgro vir die dag sal wees.

Ook hoop ons van harte dat daar deur hierdie poging van die Elgro-mense nog 'n beter verhouding met die Elgro en die studente sal wees.

## TOER

Vervolg van bladsy 7

Vervolg van bladsy 7.

Om 't ewe, ons was aan die brand!
Ons het gespeel in die rowwe golwe
Totdat die sand in ons klere was gedolwe.
Op die strand was dit balstamp en sokker,
Selfs oom Louis speel soos 'n tjokker!
Maar die dag was gou verby,
En Vrydag het dieselfde gebly
Behalwe vir fliek in 'n hotel se saal,
Teen vyftigsent, insluitend 'n awendmaal.
Al te gou breek Saterdag aan,
Eo dit was tyd om huis toe te gaan.
Na 'n lang rit in Potch, gearriveer.
Die vraag is: Wanneer toer ons weer?

E. A. Marais.

# Studenteraadskonferensie Julie 1973

**IN JULIE 1972 het 'n konferensie tussen die Studenterade van al die S.A. Universiteite plaasgevind op Stellenbosch. Hierdie konferensie moes byna reeds tydens die eerste sessie verdaag word omdat daar nie eenstemigheid bereik kon word oor die agenda nie. 'n Kompromie is egter bereik en die konferensie kon voortgaan.**

In geheel gesien was hierdie konferensie 'n mislukking. Dit was niks anders as 'n konfrontasie tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende Studenterade nie. Inderwaarheid was daar drie groeperinge te bespeur: Die A.S.B.-gesinde Studenterade, die NUSAS-gesinde Studenterade en Stellenbosch en U.P.E. as die middelgroep.

Wel is daarin geslaag om geleentheid vir dialoog te skep tydens sosiale verkeer en gesprekke in die wandelgange is egter meer positief en sinvol geskakel as tydens die amptelike sessies van die konferensie.

**Beplanning vir 1973-Konferensie:**

Op hierdie konferensie is aan die Studenteraad van Pietermaritzburgkampus van die Natalse Universiteit opgedra om tydens 1973 'n soortgelyke konferensie te reël. Mej. Niki de Haviland is deur haar Studenteraad belas met reël van hierdie konferensie.

Die agenda van die konferensie sal op die volgende wyse vasgestel word: Elke Universiteit stuur 2 agendapunte in die vorm van 'n mosie na Pietermaritzburg. Op 'n bepaalde datum word die mosies oopgemaak en dit sal dan die agenda uitmaak.

Verder is ook bepaal, glo op aandrang van die NUSAS-gesinde kampusse, dat geen afvaardiging vetoreg sal besit nie.

**Ons Standpunt: (PUK Studenteraad):**

Die PUK Studenteraad, soos wat die praktyk ook bewys, doen alles in sy vermoë om met anderstaliges, anderskleuriges en andersdenkendes te skakel, want sodoende verbreed en slyp ons ons eie standpunt. Een voorwaarde stel die Studenteraad hom egter voorop: Hierdie skakeling moet sinvol wees.

Wat betref die konferensie wat op hande is, het die Studenteraad eerstens bedenkinge oor die wyse waarop die Agenda opgestel word. Hoekom kan Pietermaritzburg nie insiatief neem, 'n agenda opstel en dit voorlê aan die Studenterade vir goedkeuring en aanbevelings nie. As die verskillende Studenterade nie eens oor 'n agenda kan eenstemmigheid kry nie, wat sal die sin van sulke skakelings dan wees.

Verder sal die PUK Studenteraad ook nie sy weg oopsien om hierdie konferensie by te woon indien elke Studenteraad nie vetoreg sou besit nie.

Ten slotte: Die Puk Studenteraad sou graag genoemde konferensie wou bywoon, maar onder huidige omstandighede sou dit geen doel dien om sulke radikaal verskillende groepe op so 'n openbare forum met mekaar te konfronteer nie.

Intussen gaan die Studenteraad voort met sy eie skakelingsprogram: Etlike van die tuislande is al deur die Studenteraad besoek, asook die Stofbergse Teologiese Skool te Witsieshoek.

Teen die middel van Junie word die Studenteraad van die Universiteit van Kaapstad asook die van Stellenbosch besoek. Die ondervinding het geleer dat op so 'n bilaterale vlak baie sinvolle skakeling plaasvind.

Fika van Rensburg.



Oorhandiging van die verskillende trofeë by die ASPU-konferensie te NKP. V.l.n.r.: Pieter Geldenhuis, Antjie Krog, Johann Beukes en Chris Barnard van die Huisgenoot. *Foto: Fotokuns*

# ASPU-Konferensie

**GEDURENDE die naweek van 17 en 18 Mei is die laaste ASPU-konferensie te N.K.P. in Pretoria deur ses Pukke bygewoon. As afgevaardiges het opgetree: Dave v.d. Walt, Japie Robbertse, Danna Kotze, Beatrice Moolman en Wimpie Lemmer. Dalene Delport het as waarnemer saamgegaan.**

Tydens die konferensie is daar 'n nuwe grondwet vir ASPU saamgestel, waarin die Tukkies 'n groot aandeel gehad het. Die reeds bekende Steyn-formule van die Tukkies is na vele samesprekings tussen hulle en Kovsies aanvaar.

die kaas-en-wyn onthaal wat kenmerkend van 'n ASPU-konferensie is, was besonder geslaagd. Tydens hierdie geleentheid is die verskillende pryse ook aan die verskillende universiteite oorhandig.

Mnr. Noffke, redakteur van die Transvaler, het die Transvalerprys vir die beste Studentekoerant aan die Kovsies oorhandig. Mnr. Noffke het by die geleentheid vir die laaste maal as redakteur van die Transvaler opgetree.

Mnr. Diedericks van die Volksblad het die Volksbladprys vir die beste taalgebruik in Studentekoerant ook aan die Kovsies oorhandig. Met die oorhandiging van die Huisgenootprys deur mnr. Chris Barnard het die Kovsies die derde keer die aand 'n prys ontvang.

Mnr. Barnard, wenner van die Hertzogprys, het die studente daarop gewys dat hierdie handewerk wat aan die studenteblaaie betree word nie tevergeefs is nie. Hy het gesê dat dit later in hul lewens eers sal toon van watter groot waarde dit is.

Die Pukke het die tweede prys in die afdeling gekry.

Die konferensie het weer Saterdagoggend in aanvang geneem. Die grondwet is finaal voorgelê en aanvaar. Mnr. Calitz van die Hoofstad het ons kom toespreek oor die vereistes waaraan 'n studenteblad moet voldoen. Hy het daarop klem gelê dat die studente moet afwyk van die ernstige heriggewing en dit meer lig moet aanbied. Die uitleg van die koerant moet ook nie so formeel wees nie.

Die konferensie is die oggend om tienuur afgesluit.

# P.G.D. TOER IN N.-KAAPLAND

**GEDURENDE die langnaweek aan die einde van Mei het die eerstespan van P.G D 'n kort toer van twee wedstryde na Noord-Kaapland onderneem. Na vele gesukkel as gevolg van die akademie en baie ander probleme het die groep uiteindelik op Donderdag 31 Mei met groot gejuig vertrek. Van die 20 persone wat sou gaan is uiteinde 16 hier weg. Nadat Naas Terreblanche en sy vrou as "toerouers" 'n „vermanende" worod tot ons gerig het, is daar toe in die pad geval.**

Die eerste wedstryd het nog dieselfde middag op Vryburg plaasgevind. Na 'n hartlike ontvangs en 'n stewige middagmaal het die span om 3.45 opgedraf. Almal was maar bewerig aangesien die opponente een van die sterkste klubs in Noord-Kaapland is.

Die voorspelers het bitter swaar gelewe aangesien ons ongeveer 45 pond per man ligter was. In die skrums en lynstane het ons dan ook tweede viool gespeel.

Die spelers was nog vreemd vir mekaar en slegs 5 van die gereelde eerstespanspelers het gespeel. Dikwels het spelers mekaar nie gevind nie en hier was dit veral die skakelpaar wat gesondig het. Verder het die ondersteuning ontbreek. Algaande het die manne egter beter gevaar en veral Tinus Wolmarans, Chris Engelbrecht en Albert Lightfoot het uitgeblink. Die eindtelling was dan ook 30-10 in P.G.D. se guns.

Na die wedstryd is die spelers feestelik onthaal met gasvryheid uit die boonste rakke. Vrydag 31 Mei het almal maar „gerus" sover hulle kon of wou.

Saterdag 1 Junie het die toergroep Jan Kempdorp bereik vir hul tweede en laaste wedstryd. Hierdie klub speel teen sterk klubs van Kimberley soos De Beers en is een van die top klubs in die Kimberley area. Hulle het Griekwaspelers soos Gideon Botha, Boet Schnetler en Theron in hul geledere.

Met die aankoms daar was daar 'n geweldige groot skare en die manne was maar lugtig vir hierdie wedstryd. Van die afskop af het sake goed gelyk.

Die voorspelers het verwoed ingeklim en ten spyte van 'n groot gewigsvoordeel wat hulle teenstaanders gehad het, hulle hul man gestaan. Die vaskopstryd is met 5-3 deur Naas Terreblanche gewen en in die lynstane het dit ook redelik goed gegaan.

Die agterlyn het elke bal aangegryp om te beweeg en daarvan getuig die vier drieë wat gedruk is. Die wedstryd word dan ook gewen met 16-10. Onder die voorspelers het Joe Snyman en Tinus Wolmarans uitgeblink en onder die agterspelers Mader Postma en Willem Lessing.

Die aand was daar weer groot feeste en die gasvryheid van die Jan Kempers het die spelers oorval. Braaivleis en ander „eetgoed" was aan die orde van die dag.

Sondag 3 Junie het die manne goed uitgerus en 2 nm. weer in die pad geval met 'n gevoel van tevredenheid. Hulle sien uit na volgende jaar se toer gedurende die April vakansie.



Foto bo: Die nuwe muurbalbane geleë Suid-Wes van Over de Voor *Fotokuns.*

# Muurbal-probleem opgelos

Daar wag hierdie jaar en in die toekoms groot dinge op die P.U.-Muurbalklub. Alhoewel daar aan die begin van die jaar geweldige probleme opgeduik het omdat daar geen bane vir die klub beskikbaar was nie, is baie daarvan met die vriendelike hulp van die Potchefstroomse Buiteklub opgelos en kon die P.U.-klub ook inskryf vir die Wes-Transvaal liga.

Daar is een mans- en een damesspan vir bogenoemde liga ingeskryf en die Pukke het hulle tot dusver goed van hulle taak gekwyt. Die damesspan het alreeds teen die Potchefstroomse Buiteklub, Goldfields West, Klerksdorp en Strathvaal gespeel en het daarvan nog net een wedstyrd verloor. Die mans het ook goed gevaar teen die Potchefstroomse Buiteklub, Goldfields, Klerksdorp en Strathvaal.

Helene Schoch is gekies vir die Wes-Transvaal damesspan, terwyl Sunita du Plessis en Toni Sampson genooi is om eerskomende Saterdag aan die finale proewe deel te neem. Ook die mans laat die PUK nie in die steek nie en Mike van Zyl en Tinus Smit neem ook aan die finale proewe deel.

Die P.U.-muurbalbane nader nou vinnig voltooiing sal vroeg volgende kwartaal voltooi wees. Dit sal die Puk-muurbalspelers in staat stel om hulle man behoorlik teen die Kovsies te staan.

Die Bult Apteek

NOORDBRUG APTEEK (EDMS.) BPK.

★ VIR AL U APTEKERSBENODIGDHEDE ......

..... ONS KEN U BEHOEFTES

Direkteure: Prof. M. C. B. v. R. v. Oudshoorn (L.A.V.) Voorsitter; Dr. A. P. Goossens (L.A.V.); A. C. Dreyer (B.Sc.-Far ) (L.A.V.) en Andries G. Coetsee (B.Sc.-Far) L.A.V. (Besturend).

die WAPAD

# ONTSPANNING IN POTCHEFSTROOM

Vrydag op die PUK is weer voor die deur. Diegene wat huis toe gaan het geen probleme, maar ons wat tuisbly moet iewers onspanning gaan soek.

Gesonde ontspanning vorm 'n essensiële behoefte in elke mens. Selfs ons as studente het in die massa samelewing van vandag volop vryetyd. Die kwessie ter sprake is: Hoe moet ons ons vryetyd as studente bestee en watter middels moet ons daarvoor gebruik?

Die algemene Ontspanningsbestuur is verantwoordelik vir die ontspanning van die studente. Daar gaan somtyds stemme op dat die bestuur steriel en stagnant, is. Die ontspanningsprobleem op die PUK kan so opgesom word — enersyds word die AOB gekortwiek deur 'n gebrek aan fondse om voldoende ontspannings-geleenthede te skep en andersyds lê die passiwiteit van 'n ge-inhibeerde studentemassa veel te wense oor.

Die oplossing skyn dus te wees: meer finansiële steun aan die AOB en 'n meer spontande PUK-massa.

Die lyn kan konsekwent deurgetrek word tot die ontspannings-geriewe wat die plaaslike owerheid ons bied. Wat is die stimulus van die ontwikkeling in Potchefstroom? Tog seker die aanwesig-heid van talle studente en hulle ekonomiese bydrae. Wat is die verhouding tussen die bydrae van die studente tot die ontwikke-ling van Potchefstroom en die kompensasie wat hulle daarvoor ontvang?

Laat die plaaslike owerheid tog die aansienlike bydrae van die studente tot die dorpsontwikkeling nie uit die oog verloor nie en voldoende ontspanningsfasiliteite aan die studente van Pot-chefstroom verskaf.

„Laat het ons't ernst wezen".

# WAAR DIE SLEPERS SLEEP



Foto bo: Flip Uitsleep gereed agter sy toonbank.

Eddie en Flip Uitsleep. Hier-die twee jongmanne het hulle binne die bestek van 'n jaar of drie nie alleen finansieël ge-vestig nie, maar het hulself ook stewig in die studentegemeen-skap ingegrawe.

Flip was leerling aan May-ville Hoërskool, sowel as Afri-kaans Hoër in Pretoria. Daar-na het hy homself aan die Teg-niese Kollege bekwaam.

Eddie was op Landbouskool, waarna hy vir 'n jaar 'n kafee op Marble Hall gehad het. Van vleis kan niemand hom ook iets vertel nie, aangesien hy Vleisgradeerder by die Departe-ment Lanboutegniese Dienste was asook 'n vleisagent.

Hulle oom wat die Insleep het, het gevra of hulle nie belang-gestel het om ook in die besig-heid in te gaan nie. Die idee het dadelik by die twee vlam-gevat en hulle het aan die werk gespring.

Hulle oogmerk was om 'n in-teressante plekkie vir die stu-dent te skep, waar daar in in-tieme groepies gesit kon word. Die binneversiering is grootliks Flip se idee en saam het hy en Eddie 'n groot sukses van die onderneming gemaak.

Eddie erken dat dit soms har-de werk is, maar dit is stimu-lerend . Hy vertel ook dat hy nooit weer 'n ander kafee sal oopmaak as op Potch nie. Dit is naby die studente en daarom heers daar dus altyd 'n aange-name atmosfeer. Elke dag is in-teressant, omdat dit nooit om-gaan sonder dat iets lagwek-kends gebeur nie. Die student is ook aangename klandisie en die resultaat hiervan is dat hulle al dadelik vreemde gesigte uitken. Hoewel hulle dikwels met kelners sukkel, is die stu-dente egter verdraagsaam en verstaan die situasie, wat hy natuurlik hoog op prys stel. Dit klink nie asof hy daarmee saamstem dat die student wis-selvallig en onbetroubaar is nie, want hy wil beweer dat hulle klaar weet wat 'n sekere per-soon wil hê sodra hy uit sy mo-tor klim!

Flip beweer ook dat die stu-dent 'n aangename deel van die publiek is om mee te werk, aangesien hulle jonk van gees is, met dieselfde idees as hy en Eddie. Die student is vir hom eienaardig, anders as „ge-wone mense". En hy behoort die studente te ken, aangesien hy ook saam met die Puk eerste-span in die Baai was. Hieroor wil hy egter nie veel sê nie. Met 'n veelseggende lag het hy gesê dat hy baie graag weer sal wil saamgaan!

Flip en Eddie kan met reg met gesag omtrent die student en sy eienaardighede saampraat, omdat hul aktief deelneem aan die studentebedrywighede. Hul-le is lede van die Puk se hengel-klub, en maak beurte om die rugbywedstryde by te woon. Eddie was ook by Karnaval betrokke en hy is van mening dat dit nog die beste een was wat hy bygewoon het.

Wanneer die studente met vakansie is, is Potchefstroom egter nie een van die besigste plekke op die platteland nie! Dan sluit hulle, pak hul vis-vangapparaat of skiet goed en kies enige koers, hetsy die Kaap, Suid-Wes, Rhodesië of Mosam-biek.

Hulle beoog om hul plekkie weer eens uit te brei en dan kan die studente gerus kom kyk of hulle hul kan deursleep!

Eddie was ongelukkig nie beskikbaar toe die foto geneem is nie.

# K.V.V. Hoofbestuur vergader

Op 'n vergadering van die Korps se Hoofbestuur van 5 Junie het die volgende interes-santhede na vore gekom:

1. Die Korps-Hoofbestuur het tans 25 onderliggame: 19 kos-huisselle en 6 gepatroneerde „komitees van die Hoofbe-stuur."
2. Die Korps het vanjaar 5 publikasies: Studiestukke, „Vyf-minute", „Kampusfokus", Kursushandleidings en 'n ge-drukte boek wat oor 'n paar maande verskyn.
3. Alhoewel daar vanjaar nog geen Programvergadering gehou is nie, is daar altesaam 27 sel-vergaderings in die koshuise ge-hou — aansienlik meer as die hele jaar 1972.
4. Daar is aansienlike belang-stelling in die korps se hulp-projek — ongeveer 50 Pukke gaan help met die oprigting van koshuise vir boesmans in Suid-wes-Afrika.

# Ons lesers skryf

Geagte Redakteur,

Vergun my 'n paar woorde oor die nuwe reëling op die P.U. dat dames langbroekpakke op die kampus mag dra. Ons is bekend met die feit dat daar heelwat onrus en revolusie op die gebied van vrouemodes is. Die afgelope dekade het hier-die „aksie" onder modevasstel-lers verskerp. Waar die dames vir 'n groot aantal jare tevrede was om hulle klasse in netjiese rokke by te woon, en die leng-tes daarvan sodanig was dat die ergste koue afgeweer het, ook met netjiese kouse, blyk dit dat die winters die afgelope paar jare baie kouer geword het as vroeër, en het 'n gerieflike mode verskyn, nl. die lang-broekpak. Dat alles egter nie pluis is met die mode nie, het sommer gou geblyk. Dit is nie in kerke toegelaat nie, en baie Christene het nie hulle goed-keuring daaraan verleen nie. Dit blyk ook duidelik uit die besluit van die P.U., waar hulle duidelik bygevoeg het dat ons kleurbaadjie nie daarby, of by enige langbroek vir dames ge-dra mag word nie.

Die P.U. is nog altyd bekend vir sy Calvinistiese norme en beginsels. Daarvan getuig die beperking op lang hare by mansstudente en die verbod op dans by universiteitsfunksies. Sou dit nie die probleem van „kouer" winters opgelos het deur minirokke te verbied, i.p.v. om 'n nuwe modegier toe te laat nie, want in die koue kom dames nog steeds met minis klas toe, terwyl ander met broek-pakke daar sit?

'n Verdere punt van bekom-mernis is dat daar nou 'n „ver-ligter" lewens- en wêreldbe-skouing aan die P.U. toegedig word. Is een baie belangrike feit uit die oog verloor met die reëling oor broekpakke? Dui-sende ouers stuur hulle kinders na die universiteit met die leuse „In U Lig" en „Vir Christelike Hoër Onderwys" en is dank-baar daarvan bewus dat die P.U. nie onder die gewetens-klousule val nie. Ek besef dat baie studente om die verandering gevra het, maar die universiteits-owerheid van die P.U. het hom nog nooit laat voorskryf deur studente nie, veral nie t.o.v. sy Calvinistiese beginsels nie.

Daar is baie universiteite wat daarvoor bekend is dat hulle nie Calvinisties ingestel is nie. Die studente wat daardie le-wensbeskouing handhaaf is nog altyd hartlik daar ontvang. Daar is egter ook ander studente met Calvinistiese oortuigings wat graag na 'n suiwer Calvinistiese universiteit wil gaan. Nie 'n lou Calvinistiese universiteit wat deur studentegrille en -giere regeer word nie, maar een wat onberispelik is t.o.v. norme en beginsels. Laat daar tog een plek wees waar ons kan saam-trek en waar ons werklik sien en weet: „In U Lig sien ons die Lig".

S. J. Jooste.

# Uit die Woord

## Bid Sonder Ophou

1 *Thess.* 5:17.

Hierdie versie is een van die twee kortste verse in die Bybel (Die ander een is Joh. 11:35). Tog is dit seker een van die gewig-tigste verse — wat ons dankbaarheid betref, die belangrikste „Bid sonder ophou". Die Kategismus noem dit die vernaamste deel van ons dankbaarheid.

So baie kere in ons lewe het ons omtrent nie tyd om te bid nie. Ons rammel gou 'n gebed af en dan verwag ons God moet daar-mee tevrede wees: Ons wil gou Bybel-lees en bid want ons wil nie die nuus oor die radio misloop nie; ons is so moeg na vandag se klasse en vanaand se studie of vanmiddag se sportaktiwiteite, ons moet nou in die bed kom; miskien lê daar more nog 'n ek-samen of toets voor en ek moet genoeg rus kry.

Weet u dat Christus, waar Hy in soveel pyn aan die kruis ge-hang het, uitgeput omdat Hy die vorige nag niks geslaap het nie, nie minder nie as drie maal gebid het.

„Bid sonder ophou". Dit beteken nie dat ons heeldag op ons knieë moet wees nie, want wat word dan van ons werk? Ons moet tog studeer en klasloop en ontspan. Paulus bedoel hier dat ons **elke dag** moet bid en nooit moet nalaat om **gereëld** te bid nie.

Waarom bid ek en hoe moet ek bid? Ons is so gewoond om in die gebed maar net altyd te **vra** en dan vergeet ons om ook **dankie** te sê. As jy nie vergeet om dankie te sê wanneer jou ouers vir jou geld van die huis af stuur nie, hoeveel te meer moet jy God nie dank vir al sy liefde en genade wat Hy **elke dag** aan jou gee nie?

Daarom sê vs. 18: „Wees in alles **dankbaar**". En as jy dankbaar is, moet dan nie vergeet om te bid nie.


# A. VORSTER APTEEK

(Frans Nel, B.Sc. Far .)

●

OKTRONGEBOU LOMBARDSTRAAT

●

**Skakel ons vir vinnige aflewering**

EK GLO dat dit die reg en die voorreg
van elke jong mens is om begrippe
en oortuigings nie sonder meer
klakkeloos te aanvaar nie. EK GLO
ons is vandag in die oorvol stede
baie eensamer as ons voorouers op
verlate plase. EK GLO ons, die heersers
van die wetenskap en die tegnologie,
het slawe geword van ons eie kennis
en voortreflikheid. EK GLO een van
die grootste gawes in die lewe is
selfkennis. EK GLO ons swaarste las is
die vrees vir die dinge wat nooit
gebeur nie. EK GLO daar is geen mooier
gawe aan die mens gegee as die lag nie

**EK GLO** — *Gerhard J. Beukes.*

„'N LEKKER MENS is 'n mens wat kan lag. Ek loop lig vir een wat nie lag nie. Die lewe is eens te vol letsels en leed dat 'n mens nog die las van 'n lang gesig ook moet dra. Dis nie lekker as 'n mens so baie aan sy lewensdae dink dat hy nooit kan besig wees met die vreugde van sy hart nie. Nee, vir my is dit noodsaaklik dat 'n mens saam met my moet kan lag, oor alles wat so snaaks is in die lewe, oor alles wat so snaaks en anders is en oor alles wat so snaaks dieselfde is, en bowenal oor alles wat so snaaks is in 'n mens self."

**DIE PLESIERBOOM** — *Audrey Blignaut.*

Verworpeling van gister, moes ek wag
vir woonverlof in die tabelleland
op die gepaste teken van 'n hand
wat duidelik sê: kom binne, dis vandag.

**VANDAG** — *Elizabeth Eybers.*

Ek offer vir jou 'n purper duif
Sy krop vol eensaamheid
Sy oë twee leegtes wat staar
deur die tralies om my hart.
sien jy hoe eerbiedig ek dit vashou
sien jy die halfmane onder my oë
my gebreekt hande . . .
maar ek offer elke dag
vir jou
net vir jou, want ek het jou lief.

**VIR JOU** — *Antjie Krog.*

„Niks duur vir altyd nie; nie vriendskap nie, en allermins die liefde; en smarte is nodig dat ons die vreugde kan ken en herken; en bome word oud en ou mense sterf: hoe sal ons dan sê: toef langer o dag, o lente, o jeug?"

**HONGERBLOM** — *Hennie Aucamp.*

'n Mens is so dikwels alleen met jou gedagtes
dat jy jou hartseer naderhand
amper soos 'n vriend leer ken.

**GOEDGELUK** — *Fritz Steyn.*

Laat my tog eenmaal deur die
heinings van jou oë breek,
sodat ek kan weet
of dit vir my is
vir wie jy wit jasmyne kweek."

**GESLOTE HEK** — *Antjie Krog.*

Die stryd wat jy voer lyk soms donker —
ons laste te swaar om te dra;
Die opdraend so steil, ontoeganklik
Dat jy voel om daaroor te kla
Maar onthou, as jy klim met Geloof in jou hart
Word die steilste bergpad kort;
Dus klim in Geloof, klim onverpoosd —
Tot jou drome verwesenlik word.
Waarna ons so doelbewus strewe
Sal ons eindelik kan bereik
As ons net in Geloof wil voortgaan,
En onwrikbaar na vorente kyk;
Want Geloof is die magtigste wapen
Waarvoor elke vesting moet swig.
In Geloof kan ons gaan, triomferend —
Word die grootste probleme oorbrug
Geloof sal die steiltes gelyk maak
En die berge in duie laat stort;
So, begin vandag — begin klim in Geloof
Tot jou drome verwesenlik word.

**KLIM TOT JOU DROME VERWESENLIK WORD** — *Helen Steiner Rice.*

Soms breek ek binne in
myself in 'n duisend vrae
wat die stewige selfkant
van my wees uitrafel.

— *Lisa.*

# A.S.B.-ALLEMANSKRAAL



FOTO BO: PUK-afgevaardigdes na Allemanskraaldam. *Fotokuns.*

Op Woensdag 30 Mei, het 'n klein Gideonsbende van die Puk af vertrek om die A.S.B.-kongres te Allemanskraaldam in die O.V.S. by te woon.

Behalwe die kombi-vol studente, het ook ander Pukke die kongres bygewoon, soos prof. Tjaart van der Walt, en die A.S.B.-president, mnr. Leon Wessels, oud-Puk, wat albei as sprekers opgetree het. Ander voortreflike sprekers was dr. A. P. Treurnicht, prof. Jannie Pieterse van Pretoria, mnr. Gerhard Erasmus (S.R. voorsitter in Kovsieland) en mnr. Tonie van Tonder, uittredende sekretaris van die A.S.B.

**BOERESPORT EN RUGBY.**

In die lesingsaal en in die eetkamer het hulle die mense van Kovsieland, die Raukies, die Gokkies, die Bokke, ens. verlangs bekyk, lekker saamgesing, saamgepraat en saamgelag, maar helaas, dit was eers op die rugbyveld dat hulle werklike kontak gemaak het. Daar die Pukke, Gokkies, Wellingtonners ens. so min was en die Kovsies so baie, moes hulle maar in 'n gekombineerde span teen die Kovsies speel. In die dames se span het dit net lekker gegaan in die skrum, met Krummel van Vuuren as hakertjie hangende tussen die twee stutte, Ineke Lindhout en Santie Pretorius, en Bella Booyens as skrumskakel altyd gereed om die bal in die hande te kry. Jessica Knoetze van Kuesta-faam, het telkens lekker gebreek; maar ai, daardie Kovsies! Met die manne het dit heel goed gegaan, alhoewel Riaan Odendaal 'n paar geweldige (kamma-kamma) vuishoue van een Kovsie gekry het, terwyl hy op die grond vasgepen was deur 'n ander Kovsie.

Tussen deur lekker Boeresport (waar die Puk se naam hoog gehou is ten spyte van hul klein getal) en die kampvuur-aande en die dinge, het hulle darem af- en toe die akademiese sy van die saak bygebring.

**AFRIKANERSKAP.**

Dr. Treurnicht se toespraak het almal se harte weer warm laat klop vir die Afrikaner-student. Hy het gewys op die aanslae wat vandag gemaak word teen die identiteit van die Afrikaner-student, hy het gewys hoe die „tipiese" kenmerke van die Afrikaner-student nog sterk teenoor hierdie aanslae staan, en hy het gewys op die veranderinge waarvoor die Afrikaner-student hom kan beywer: Ons wil behoudend wees en vashou aan norme, maar ons kan nie alles wat tot stand gekom het, behou nie, want alles is nie noodwendig goed nie. Ons is dus ook progressief en vooruitstrewend. Die belangrikste verandering dan, is 'n verandering in die gees van permissiwiteit, ongebondenheid, geloofsloosheid, neutraliteit ens.

**BEROEPSMENSE EN EERSTEJAARS.**

Prof. Tjaart van der Walt het die „Geagte dames en here en Kovsies" toegespreek oor die akademiese sy van studentwees, en het gebalanseerde studentelewe bepleit: „Die eensydige student kom nie ver in die lewe nie. Daar is ander dinge in die wêreld vir jou om te doen, behalwe om die wêreld een maal per week van gewisse ondergang te red, en prioriteit nommer een is studie." Prof. van der Walt het met die interessante voorstel gekom dat ons in die sosiale studentelewe meer gebruik moet maak van *beroepsmense*, dat dit nie 'n vaste tradisie word dat 'n „joolpenningmeester" 'n jaar moet dop nie. Dit is een van die swak punte van ons studentelewe se struktuur dat juis die student met voortreflike leierseienskappe, deursettingsvermoë, visie en ander vermoëns; die leiers van die toekoms; juis hulle ly daaronder dat hul akademiese studies agterweë bly. Prof. van der Walt het verskeie mooi wenke gegee oor die manier waarop vergaderings meer ekonomies gehou kan word, hoe mens behoort te studeer ens. In die bespreking wat hierop gevolg het, het die prikkelende idee gekom dat eerstejaar-studente by besture betrek moet word, deur hulle in waarnemende hoedanigheid bestuursvergaderings te laat bywoon. So kan die eerstejaar meer omtrent vergaderingsprosedure leer, dat hy weet hoe om tyd in 'n vergadering ekonomies te benut.

**STUDENTE-YSBERG.**

Mnr. Leon Wessels het die akademie deurgetrek na die terrein van die studente-politiek en vra dat ons ook akademies moet wees op die terrein en nie bloot emosioneel nie. Die A.S.B. rig 'n uitnodiging aan alle studente op Afrikaanse kampusse.

Mnr. Wessels stel dit as ons plig om te erken dat alles nie pluis is nie en hy het hier in woorde omgesit wat blykbaar 'n algemene gevoel op die kongres was: Dat ons in ons huidige struktuur te doen het met 'n studente-ysberg, waar die „leiersgroep" die piek van die ysberg is, en die passiewe studentemassa is dan onder die water versteek: „Wanneer jy 'n oproep maak vir koue, rasionele besinning dan is die koffiekanfilosowe teruggetrek in hul kamers." Mnr. Wessels bepleit voorts 'n meer aggressiewe houding by die Afrikaanse student, waarmee dan bedoel word dat die Afrikaanse student moet begin vrae stel aan die NUSAS-man i.p.v. om self heeltyd in 'n beantwoordende posisie te wees.

**ARBEIDSELFSTANDIGHEID**

Prof. Pieterse het gehandel oor die HANDHAWING by die Afrikaanse student en het o.a. groter arbeidselfstandigheid by die blanke bepleit.

# Uitslag van Inter-koshuis kompetisies

Die groot oomblik het aangebreek! Met Karnaval '73 agter die rug en alles min of meer afgehandel is dit die Sentrale Karnaval Komitee se voorreg om hiermee bekend te maak dat die inter-koshuis kompetisies onderskeidelik deur *Uitspan* en *Klawerhof* gewen is. Baie geluk aan hierdie koshuise wat elk 'n R100,00 verdien het. Daar moet darem gesê word dat in beide gevalle dit net-net gemaak is. Aan die koshuise wat kort op hierdie mense se hakke was — jammer, ons probeer volgende jaar weer.

Namens die Sentrale Karnaval Komitee wil ons net hartlik dankie sê aan al die PUKKE wat bygedra het tot 'n grootse Karnaval. PUKKE julle het julleself bewys as 'n studentemassa met oorspronklikheid, deursettingsvermoë (veral die marathonmanne) en 'n groot en positiewe gees. Laat ons hierop voortbou om hierdie unieke studentegemeenskap op die voorpunt te plaas van alle studente jolyt.

KOBUS van der WALT.

# OU WAPEN HERONTDEK

Tydens die reëling vir die onlangse Naweekkursus vir Korpsbesture het die Opleidingskomitee van die K.V.V. 'n interessante ontdekking gemaak. Die wapen van die Korps, wat tientalle jare in onbruik is, is in ou uitgawes van die Korpstydskrif "Veritas Vincet" gevind. Waar die Korps se Hoofbestuur verlede jaar daaraan gedink het om 'n embleem te laat ontwerp vir sy studiestukke, word die ou Korps wapen al op al die Korps se interne publikasies gebruik.

**1919.**

Ons lees in die notule van die Korpsvergadering van 24 April 1919 dat daar besluit is om 'n "insigne" te ontwerp vir die Korps. Op hierdie vergadering word 'n kommissie se voorstelle aanvaar, maar drie dae later word die Suiderkruis ook by die wapen gevoeg.

Die wapen van die Korps is heel gou gebruik. Ons sien hom op die voorblad van "Veritas Vincet" pryk. (Hierdie blad het later in die Puk se *Besembos* oorgegaan.) Op 'n Korpsvergadering van 9 Augustus 1919 is besluit dat die Korps ook 'n "skryfblok met die insigne" moet hê. Op dieselfde vergadering is aan die kommissie opgedra om 'n vaandel vir die korps te laat vervaardig.

**PIERNEEF SE WAPEN.**

Op die stadium (1919) het die Korps nog as Studenteraad van die P.U.K. gefunksioneer, met die gevolg dat die Korps se wapen eintlik die Puk se wapen was!

Die skilder Pierneef het egter nie baie lank daarna nie 'n wapen met die kandelaremotief vir die Puk ontwerp (wat nie baie verskil van die wapen wat ons op ons baadjies dra nie). Die Korps se wapen was nou nie meer Pukwapen nie, maar bloot vir die Korps gereserveer.

Jare lank het die Pukwapen (kandelare) en die Korpswapen op *Besembosse* verskyn. Toe die Pukwapen later alleen gebruik is, het die Korps se wapen in onbruik geraak.

**VAANDEL.**

'n Laaste herinnering aan die wapen het bly voortleef in die 1919-vaandel. Korpsbesture is jaar na jaar met hierdie vaandel afgeneem. Hoeveel honderde Korpsbesture wat vandag nog leef dink met warm harte terug aan hulle studentejare en aan die Korps as hulle sulke foto's sien nie!

In 1970 het die wapen toe skielik weggeraak. 'n Deel van die Korps se geskiedenis was vergete. Niemand het geweet dat die Korps 'n wapen het nie.

**NAWEEKKURSUS.**

Onlangs het die Opleidingskomitee van die Korps die eerste uitgebreide kursus vir Korpsbestuurslede gereël in die 79-jarige bestaan van die Korps. Heelwat navorsing is gedoen en daar is ook in ou notules en tydskrifte van die Korps rondgekrap. Toe die wapen gevind is, is dit in sy duisende gedupliseer en verskyn dit nog in die kursusboek wat vir die kursus saamgestel is, op elke eerste bladsy van 'n hoofstuk.

Die wapen is ook afgedruk op die buiteblad van die kursusboek.

**HOE LYK DIE WAPEN?**

1. Doringboom — dui op gehardheid en uithouvermoë.
2. Veerpenne — "Die pen is magtiger as die swaard."
3. Boekrol en die Suiderkruis — Die Woord ook in ons Suidland.

**FOTO ONDER: Lede van die Korps se Opleidingskomitee kyk na kursusboeke met die wapen van die Korps op. V.l.n.r.: Landman Vogel, Paul Krüger (kursusleier), Annetjie Siertsema, Ineke Lindhout. Afwesig: Sagrys Venter.** *Foto: Fotokuns.*




U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

**PRO REGE-PERS BEPERK**

*„die potchefstroomse boekhandel"*

TOMSTRAAT 86 — TEL. 5236 — POTCHEFSTROOM



**U kan gerus u bande versool by . . .**

**GOLDEN WEST RETREADERS**

'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK!

**Groot Voorraad**

- **NUWE en VERSOOLDE bande Versoling nou ook verkrygbaar in die GOODYEAR G 800 loopvlak**
- **Nuutste toestel vir WIELSPORING en -BALANSERING.**

**LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM**

**Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse!**

# Alabama Maak Gereed

Die Totiussaal is al vir die afgelope twee weke die oefenkamer van die Alabama. Dit is laatnagte en die langnaweek was dit koshuiskos en min slaap.

**PROGRAM:**

Ook hierdie jaar beloof die program iets besonders te wees. Revue '73 met sy nuwe klanktoerusting, ander choreografie, pragtige kostuums en beligting behoort ook hierdie jaar se vertoning iets onvergeetliks te maak en 'n nuwe status mee te bring.

**TOERPROGRAM:**

Alabama besoek hierdie jaar hoofsaaklik groot sentra van oor die hele land. Deur gebruik te maak van 'n vliegtuig sal dit nou ook moontlik wees om meer opvoerings in 'n korter tydjie te kan inpas.

Die toerprogram lyk soos volg:

Dinsdag — 26 Junie 1973 — Stellenbosch.
Woensdag — 27 Junie 1973 — Stellenbosch.
Donderdag — 28 Junie 1973 — Bellville.
Vrydag — 29 Junie 1973 — Bellville.
Saterdag — 30 Junie 1973 — Bellville.
Dinsdag — 3 Julie 1973 — Uitenhage.
Woensdag — 4 Julie 1973 — Port Elizabeth.
Vrydag — 6 Julie 1973 — Oos-Londen.
Saterdag — 7 Julie 1973 — Oos-Londen.
Dinsdag — 10 Julie 1973 — Bloemfontein.
Saterdag — 14 Julie — Mid/Aand — Springs.
Maandag — 16 Julie 1973 — Kemptonpark.
Woensdag — 18 Julie 1973 — Pretoria.
Donderdag — 19 Julie 1973 — Pretoria.
Vrydag — 20 Julie 1973 — Pretoria.
Saterdag — 21 Julie 1973 — Pretoria.
Donderdag — 26 Julie 1973 — Pretoria.
Vrydag — 27 Julie 1973 — Vanderbijlpark.
Saterdag — 28 Julie 1973 — Vanderbijlpark.
Dinsdag — 31 Julie 1973 — Johannesburg.
Woensdag — 1 Augustus 1973 — Johannesburg.
Donderdag — 2 Augustus 1973 — Johannesburg.
Vrydag — 3 Augustus 1973 — Johannesburg.
Saterdag — 4 Augustus 1973 — Johannesburg.
Dinsdag — 7 Augustus 1973 — Potchefstroom.
Woensdag — 8 Augustus 1973 — Potchefstroom.
Donderdag — 9 Augustus 1973 — Potchefstrom.
Vrydag — 10 Augustus 1973 — Potchefstroom.
Saterdag — 11 Augustus 1973 — Potchefstroom.
Dinsdag — 14 Augustus 1973 — Potchefstroom.
Woensdag — 15 Augustus 1973 — Potchefstroom.
Donderdag — 16 Augustus 1973 Klerksdorp.
Vrydag — 17 Augustus 1973 — Klerksdorp.

Die prestige vertonings hierdie jaar sal plaasvind in die nuwe Unisa-gehoorsaal Pretoria asook in die Stadskouburg in Johannesburg.

**LIEDJIES:**

Die Slawekoor, die mars uit Carmen, Dink jy darem nog aan my, Liefling en ook Oklahoma behoort iets te wees om na te luister.

Baie konsertgangers sal verheug wees om te sien dat Jo Enslin, wat reeds naam gemaak het as komediant van Alabama, weer vanjaar in ons program optree. Jo het ook, soos in die verlede, baie van die komiese materiaal self geskryf en verwerk.

Die nuwe plaat word hierdie jaar gedurende die toer opgeneem en behoort aan die einde van September vrygestel te word.

**TOER-OUERS:**

Om 40 woelige, onmoontlike studente op 'n toer in toom te hou verg meer as besondere mense. Dit is presies wat ons het in toerpa en toerma mnr. en mev. de Bruin. Mnr. de Bruin is verbonde aan die regsfakulteit. Kom en geniet 'n vertoning saam met ons.

Saterdagaand op die trein na . . . . .

H. P. Bütow

# INTERESSANTE LEESSTOF IN BIBLIOTEEK

Die Ferdinand Postma-biblioteek word deur die meeste Pukke geassosieer met akademie en vanuit 'n ontspanningsoogpunt word daar wye draaie om die biblioteek geloop.

Maar hoeveel Pukke is bewus van die feit dat daar 'n groot aantal ontspanningslektuur in die biblioteek verkrygbaar is?

'n Woordvoerder van die biblioteek het onlangs aan *Die Wapad* meegedeel dat daar 'n groot hoeveelheid Afrikaanse verhalende lektuur in die biblioteek beskikbaar is en dat hierdie versameling maandeliks aangevul word. Die volgende is 'n lys Afrikaanse verhalende lektuur wat die afgelope drie maande aangekoop is:

Bakkes, Magriet: My broer se Hoeder.
Beukes, Dricky: Een wat 'n Muur Afbreek.
Brink, A. P.; Die Gebondenes.
De Klerk, W. A.: Die Uur van Verlange.
Du Plessis Christine: Drie Dogters van Pauline.
Du Toit, Tryna: Agter die Berge.
Immelman, Doc: Die Wrak van die Adolf K. Freimut.
Konsalik, Heinz: Maneuver in die Herfs.
Konsalik, Heinz,: Warm soos die Steppewind.
Konsalik Heinz: Die Woestyndokter.
Massie Muller le Roux: Sterker as die Jare.
Ott, Wolfgang: Kapers van die Dood.
Mens, Jan: Griet Manshande.
Rautenbach, Fanus: Vandag is More is Gister.
Scannell, Jan: Die Vlugteling op Puntjiesbaai.
Scholtz, Jan: Die Man sonder Skaduwee.
Simenon, Georges: Maigret en die Spook.
Van Blerk, H. S.: Die Stellalander.

Wat essays betref, is die volgende aangekoop:

Aucamp, Hennie: Hongerblom.
Barnard, Chris: Chriskras.
Blignaut, Audrey: Die Wind van die See af.
Boshoff, S. P. E.: Mense van Gister.
Nortje, P. H.: Aan die Sonkant.

Vir die grapmakers is aangekoop ,Waardig Bly Broer' deur Dirk Fourie ('n versameling van predikantegrappe) en vir die letterkundiges onder ons die vo'gende dramas:

Chekov, Anton: Die Seemeeu (vertaal deur Andre P. Brink).
Dekker, Leendert: Drie Bybelhoorspele.
Louw, George: Die Generaal.
Odendaal, Louw: Nyoni.
Louw, N. P. v. W.: Die Pluimsaad waai Ver.

Gaan delf maar gerus bietjie tussen die verhalende lektuur rond om te sien watter interessante boeke die biblioteek in sy versameling van Afrikaanse verhalende lektuur het. Die standnommer van verhalende lektuur is 839.363 en die Afrikaanse poësie 839.361.

# DIE BEPLANNERSTOER: MEI 1973

Ek skryf op, hierdie vel,
Om verhale te vertel
Van 'n heerlike Beplannerstoer
Na die wêreld van die piesangboer.

Met die Puk se bus hier weggetrek,
En niemand kon hul litte rek
En ons kon nie langer bly
Want At was haastig om te ry.

Helfte van die manne het vooruit gery,
En daaroor was ons baie bly,
Want hulle het gaan kamp opslaan
Waar die bus die aand sou staan.

Kaartspel begin in die bus,
Selfs Dok was daarvoor lus.
Die ruimte wat ons het gebind
Het gou gehelp mekaar te vind.

Die bus het gehaas teen die sakkende son,
Maar sommer gou was ons in Heil-bron.
Hier is die middagmaal geniet,
Almal betaal, niks is verniet.

En die bus karring voort
En skommel sommer soort by soort.
Harrysmith was ons tweede stop,
Tot dusver het nog a's geklop.

Weer voort met die bus.
Almal word toe baie lus
Vir die aandete wat vir ons wag,
Maar o wee, wat 'n trug-slag!

Geen kole by die kamp se vuur,
En dit sou tot middernag duur
Voordat die groot stukke T-been bees,
— Lekker gesout — gaar sou wees.

Intussen is die honger gestil met sop,
('n Buitestander skink 'n dop)
En toe breek die byl se steel,
Dit lok gejuig uit elke keel.

Nietemin is gou gegaap
En daardie aand hard geslaap.
Koffie en beskuit was inleidend tot die nuwe dag,
En almal kla oor die verloopte nag.

Geen tyd om ons te verveel,
Alles was reeds klaar gereël,
En die oggend se lesings was wel druk,
Maar almal kon dit darem sluk.

Die middagete was glad nie vaal,
Want ons is deur die Provinsie onthaal.
Ja, Pietermaritzburg was die plek
En ons was byna stapelgek.

Op pad trug kamp toe koop ons „brood"
Om te voorsien in die naweeknood.

Die plek se naam was Merrivale,
Die bulte daar is baie steil.


Donderdagoggend by Howickwaterval,
Die beskawing daar maak ons mal.
Maar toe ons by Karkloof kom
Was almal oor die skoonhied verstom.

En toe? Suidkus al die pad!
Selfs die bus gee 'n spring of wat!
Almal het na die see gesmag,
En langer kon niemand wag!

A.T.K.V.-vakansieoord vir S.A.S. en H.,
Of was dit nou weer Natalia?
Of was dit dalk die Kingsburghstrand?

Vervolg op bladsy 2

**Al wat leef en beef in Potch is beïndruk met Siener in die Suburbs.**




# DIE LANGSTORIE OOR LANGBROEKPAKKE

Daar het reeds vir 'n geruime tyd 'n behoefte bestaan aan langbroekpakke op die kampus — volgens Reflektor kan ons dames hierdie leemte baie goed vul.

Vir die mans het dit egter 'n hele ruk geneem om daaraan gewoond te raak. Dit was aan die begin geen vreemde gesig gewees om 'n mansstudent, die aand na sleeptyd, met 'n verkeerde baadjie aan die koshuis te sien inkom nie.

Die owerheid het dit goed gedink om slegs langbroekpakke in te stel — aangesien van die dosente 'n beherende aandeel in ons plaaslike droogskoonmakerbedryf verkry het waar hulle vir Jane slegs die manshaarkappers gemonopoliseer het.

Die Ekonomiese Vereniging se gereelde besoeke aan die Arwa-kousfabriek is ook nou iets van die verlede.

Soos dit maar met talle nuwe dinge op die PUK gaan, is dit maar traag aanvaar, die traagheid was egter net tydelik want na Solly se Winkel se Crimplene-uitverkoping het dit soos 'n veldbrand oor die kampus versprei.

Uit sekere oorde het daar 'n argument ontstaan dat die verskil tussen die twee geslagte weg geneem word. Ek kan hierdie persone die versekering gee dat die meeste dames met hulle baadjies toegeknoop loop en dat hulle kruisbande en sigarette in die binnesak ons nie sal afskrik nie. En as hulle wonder wie is wie? — natuurlik is die een met die blommetjieshemp en langste hare die man.

Die dames is baie bly — dit hou glo die koue uit — die mans net so, hulle sleep nie meer met handskoene aan nie.

Daar het reeds 'n hele klemverskuiwing plaasgevind op die kampus, vandat die dames langbroeke dra — die mans het nog nooit so baie nuwe gesigte gesien nie.

MOTOLEK

Hierdie onderdele is by u plaaslike

MOTOLEK

verspreider verkrygbaar . . .

POTCH SPARES

Lombardstraat 39 - POTCHEFSTROOM - Tel. 6077, 4595

★

ELECTRICAL PARTS FOR JAPANESE CARS AND TRUCKS

motolek

# OP DIE KOSHUISFRONT

## Karlien

Verlowings, verlowings en nogmaals verlowings!!! Die algemene gesegde is dat die lente die liefde bring, maar dit blyk die winter te wees te oordeel aan die baie verloofdes in Karlien. Onder hierdie gelukkiges tel: Sariëtte, van der Walt, Joker de Jager, Betsie Schlebusch, Annemarie van Rooyen, Mara Hafele, Hanlie Nawn, Francisca van der Linde, Lyrette Theron en Connie van der Westhuizen. Hedwig Herbst en Annelise van Deventer meen egter dat 'n lang verlowing onnodig'is en trou sommer hierdie vakansie.

Aan Mara, Ronel en Cathy, wat ons aan die einde van hierdie semester gaan verlaat, vir julle sê ons: „Voorspoed!" Ons is seker dat julle julle plek in die grootmenswêreld sal kan volstaan.

Al die dames in Karlien sal seker met my saamstem as ek sê dat dit met 'n swaar hart is wat ons van prof. Wimpie afskeid neem. Ons wil graag vir hom en sy vrou bedank vir alles wat hulle vir Karlien gedoen en beteken het. Dit kan nie in 'n paar woorde opgesom word nie en daarom sal ons maar net sê: baie dankie.

Die meeste toetse is verby en die vakansie is op hande. Dit is voorwaar iets om na uit te sien.

SO:

Kom dames,  
Laat ons jonk wees,  
Student wees,  
Mooi wees,  
Verlief wees,  
Maar altyd soet wees!

## Klooster

Met nog net drie weke akademie oor, het die Kloostermanne met nuwe kragte van die langnaweek teruggekeer en hulle volle gewig agter die boeke ingegooi. Sommiges is so bevoorreg om alreeds hul toetse afgehandel te hê.maar ander swoeg en sweet tot die einde van die kwartaal.

Intussen is die Klooster se koshuishempie ook stil-stil sy verskyning gemaak en ons was die trotse draers daarvan net voor en tydens die karnaval. Die pikkewyn, wat ook ons amptelike simbool is, pryk breed op ons bors. Die woorde PUK en Klooster verskyn daarby.

Deesdae weergalm die Klooster ook soos die telefone lui. Vir die afgelope vier maande moes ons slegs met een telefoon tevrede wees en nou leef ons in weelde — hier is amper 'n telefoon vir elkeen. Nog 'n telefoonhokkie en 'n ontvangstelefoon is geïnstaleer.

Wat die sleeptradisie van die manne betref, kan slegs die volgense gesê word: hier is manne wat vasbyt, manne wat minder sleep en helaas die groepie wat selde sleep.

Te midde van hierdie kostelike tyd van toetse, trakteer ons Koshuis- en Huisma's ons nog steeds op smaakvolle kos. 'n Groot hoera vir sulke ma's!!

Die wens aan alle Kloostermanne en ook aan alle Pukke is: Geniet julle vakansie, gaan mal, maar kom net nie „vodde" terug nie!

Au Revior!

## Gatland

Te midde van die geswoeg om bevredigende halfjaarpunte op die kennisgewingbord te kry en planne wat reeds beraam word vir die wintervakansie, kyk ons Gatlanders terug op 'n goeie halfjaar wat haas verby is.

Die bande wat gedurende Karnaval '73 gesmee is, met die oulike asters van Klawerhof, word steeds verstewig. Of hoe Theo. Die „rasende gees" is opgevolg met verskeie sosiale geleenthede en 'n naweekkamp word 'in die vooruitsig gestel.

Intussen geniet die Puk-asters steeds die sang van seker die beste sêr-groep op die kampus. Albie en Soois, ons wens julle voorspoed toe met julle verdere nagtelike omwandelinge en hoop die singery loop nog op iets groots uit.

Die heerlike aand saam met Karlien se vyfde vloer 'is nog vars'in ons geheue (of is dit nou smaak in die mond?) Dit was gaaf om met julle kennis te maak en ons vertrou dat soortgelyke ontmoetinge in die toekoms sal plaasvind.

Vanjaar is Kompleks se sportorganisasie in twee bekwame Gatlanders se hande. Dat Soois se hulp met die rugby en Judge die tennis nog tot groot hoogtes gaan voer, is nie te betwyfel nie.

Alle Puk-visvangentoesiaste wat op hoogte met die visvangtoestande wil kom, kan gerus in verbinding tree met Percy en Addie. Hierdie twee bobaas hengelaars weet darem net waar en hoe om die grotes uit te trek.

Eersdaags sal die hare begin waai in Gatland! Want sien, op 'n sekere plek mag mens nog nie met lang hare vakansie (?) hou nie.

Aan alle Pukke sê ons: Geniet die vakansie-jolyt!

## Uitspan

Nou-ja, met Karnaval '73 byna vergete wil Uitspan die karnavalkomitee bedank vir 'n uiters geslaagde karnaval. Ons voel werklik dat die name van Kobus van der Walt (jnr.) en Phillip Hellmand (kompetisie konvenor) in hierdie opsig genoem kan word.

Ons kan nou wel nie so hard brul (en baie praat) soos ander groot koshuise nie — ons is maar 34 in ou Uitspan maar die spreekwoord sê: „dinamiet kom in klein pakkies" en laat duidelik en waarneembare letsels.

Kom ons neem die gebeure tot dusver in oënskou:

- Sêrkompetisie — Uitspan eerste plek.
- Gemengde sêrkompetisie — saam met Heimat en Oosterhof neem ons die eerste plek in.
- Oriëntering- en kleurbaadjie eksamen — Uitspan met 100 persent slaagsyfer.
- Pukkie verkope — Ons verkoop al ons Pukkies in 'n tyd van vier ure en is dan ook die eerste koshuis wat ons gelde inbetaal.
- Kaap na Rio — wedvaart — ons ding mee met enigiets tussen 'n drommedaris, siervlot en twee lugdigte kano's wat aanmekaar vasgespyker is. Hier neem ons derde plek in. Geluk ook aan Toekoms met hulle welverdiende tweede plek.
- Met vlugbal het dit voor die wind gegaan en ons verslaan selfs vir Over de Voor.
- Trapkarwedren — met min apparaat en tweedehandse materiaal bou ons weereens die kar van die jaar. Ons neem die eerste plek in met Dorp en Toekoms wat ons goed opgekeil het. Geluk ook aan hulle.
- Sierwa — Saam met Soetdorings bou ons 'n sierwa wat die tweede plek verower — danksy Jessica se begeesterde ondersteuning.
- Stalletjie — weereens met die manjifieke werk van Soetdorings neem die stalletjie die derde plek.
- Kompetisies — Ons neem die voortou (met 33½ man) sonder „20 pasella" punte.

'n Klein koshuis wat in sy 25ste bestaansjaar weereens (soos in die verlede) geensins hoef terug te staan vir die leeus, die kuikens, die pukkewyne en die olifante nie. So laat hoor die Rooi Beer dan ook sy stem in baie beskeie hoedanigheid.

Aan Soetdorings wil ons dan weereens ons dank uitspreek vir hulle fantastiese samewerking en onderskragting. Geluk aan hulle met die wen van die Kaap na Rio-wedvaart, die klaviermarathon-rekord en met al die ander kompetisies waarin hulle goed gevaar het.

Ons voel ook waarlik dat ons huisvader, prof. W. N. Coetzee, se naam genoem moet word. Sy samewerking en belangstelling gaan geensins ongesiens by ons verby nie.

Die Rooi Beer groet.



## Dorp

Die Dorpstudente het met Karnaval weer eens hulle „kleur getoon" behalwe „team grampa" wat tweede gekom het in die trapkarwedren, is daar natuurlik nog nie manne wat die pluimbal wêreldrekord verbeter het. Dawid Weyers, voorsitter van die Dorpstudente, Mike Zonntag en Lappies was van die groot hande daar.

Die foto bo van „team grampa" dui aan hoe professioneel die afklim gedoen is!

Minder gelukkig was Dorp se deelnemers wat aan die Kaap na Rio wedvaart deelgeneem het. Na twee rondtes was die opblaasmatras nie tot meer in staat nie. Nogtans bedank ons Ferdinand Preller vir sy inisiatief in die verband. Die foto onder getuig van hulle probleme.

Ander nuus van dorp is dat P.G.D. rugbyspan ook goed gevaar het die afgelope langnaweek en albei wedstryde gewen het, die een teen 'n baie sterk span van Jan Kempdorp o.a. Griekwas en oud-Griekwas gespeel het (lees ook die berig in die sportblad oor P.G.D. se rugbytoer).

Die eerste Dorpsvergadering van P.N.B. is Donderdag 7 Junie in Oosterhof se sitkamer gehou. Daar is 'n interessante bespreking gehou oor terrorisme tot die tuislande beleid. Pieter Mulder en Quintis Pelser, voorsitter en ondervoorsitter van P.N.B. onderskeidelik het ook die vergadering bygewoon.



## Over de Voor

Die hele kampus wag natuurlik in spanning om te weet wat in Over de Voor gebeur.

In die eerste plek is daar baie boeie nuus vir die dames. Over de Voor het 'n verslankingsklub vir u gerief gestig. As u belangstel, kontak net vir Paulus Venter.

Die oorspronklikheid van die Voormanne eindig ook nie hier nie. Kyk nou maar Ockie se oulike plan om petrol te spaar. Hy rol maar liewer verder.

Moet ook nie die Voor se skitterende vertoning teen Wes-Transvaal miskyk nie. Hentie loop natuurlik ook al hinkende rond en vertel dat Jan Tromp hom vir 'n tier aagesien het.

Vandat ons jagter, Kurt, uitgevind het dat 'n ou in Botswana net vyf rand vir 'n voëllisensie betaal en dan kan skiet soveel as hy wil, is hy net vuur en vlam vir die Florna-toer.

Vir die ouens wat gewonder het hoekom Andre Claassen so knaend „lift" soek deesdae; ons „tall groover" het ons ook besluit dat die eensaamheid te veel raak en 'n vasbytplekkie gekry. En dit lyk mos sleg as 'n ou met 'n kombers onder die arm op straat loop.


Gedink 'n mens kan nie voor die Johannesburgse stasie verloof raak nie? Dan ken julle nog nie vir Daan nie. En dan het Chris natuurlik 'n diamantuitvoersaak na Suidwes geopen, takkantoor Gobabis. Veels geluk, kêrels.

Ons groet tot later. Hoop julle kan julle nuuskierigheid in bedwang hou tot Die Wapad weer verskyn.

## Geskenk van Spoorweë

'n Klas 16R lokomotief wat van 1914 tot 1973 diens gedoen het, is deur die S.A. Spoorweë aan die Potchefstroomse Universiteit geskenk. Die lokomotief sal vir opvoeikundige en historiese doeleindes op Universiteitsterrein geplaas word.

Die terrein wat daarvoor gekies is, is oos van Tomstraat op die ou sportvelde van die Universiteit, ongeveer teenoor die suidelike voet van die brug oor die spoorlyn. Hierdie straat word druk gebruik, daarom sal die lokomotief in die oog wees van 'n groot getal verbygangers. Die verwagte datum van aflewering is 25 April 1973.



# OP DIE SLEEPBANKIE

Dagsê sleepers!

Dis weer tyd vir baie geluk-wensings want skynbaar het min slepers besef waarom ons eintlik langnaweek gehad het. Ek wonder hoeveel van die wat verloof geraak het, het onthou dat dit eintlik Republiekdag was. Per slot van sake vergeet mens soms van politiek en landsake as dit kom by die hartsake, of hoe?

Lyk my veral die farmaseute het "naweek" gehou. Ons op-regte Puk-wense vir die verlo wings van **Bennie Maritz** en **Jo-ker de Jager, Gawie en Sarriette van der Walt, Daan Venter** en **Annemarie van Rooyen.** Ook aan **Chris Kunz** en **Petro du Preez** wat tot die groot stap oorgegaan het.

Ek wonder darem so by my-self of dit nie die teendeel bewys vir wat *Reflektor* se idees van dinge is nie? — of is dit asters wat in die 30% gebied val van die wat nie "ure" voor die tyd in "lang" tou, afwag-end op die eetsale se stoepe staan? Of; is daar darem meer manne wat 'n anderste uitkyk het as *Reflektor* Wat vrou soek en nie spoggoed-jies . . .

Maar wat, dit daar gelaat want intussen het **Richard de Kok** en **Yvonne Kitshoff** albei herstel van hulle Engelse griep en weet seker nie eers van die vet en maer woeinge op die kampus nie.

**Kerneels van Niekerk** se ,class' motorkar laat weet dat dit nog uitstekend gaan met hom en sy **Elize Grey** — alles gaan sommer so geoutomatiseerd.

Nou een dag kry ek 'n horing-oue Puk-blaadjie en in daai een se sleephoekie is toe vertel van ene **Wimpie de Klerk** en sy **El-sabe,** min het die skrywer seker geweet dat so 'n paar jaar vo-rentoe dit verander na Prof. en mev. de Klerk en dat daar twee sleepers nog koshuis pa en ma sou word. Toe't ek sommer gewonder hoeveel sleepers wat al in die *Wapad* se onderdeur ver-skyn het se toekomspaaie lê ook so nou saamgeweef met die Puk s'n.

Nostalgies nê!

Intussen klop **Annatjie van Bil-jon** en **Elsabe du Plessis** se harte warm vir hulle twee Wes-Trans-vaalse-rugby-manne wat so goed speel. Maar daardeur moet **Piet Roodt** en **Eugene van Wyk** se twee meisies ook ongelukkig menige dae die rolle van gras-weduwees speel.

Voorspoed vir die rugbysei-soen julle en so ook aan al die Puk-manne wat besig is om te oefen vir Intervarsity.

Ta-ta Pukke — alle vettes en maeres van 'n medium-Puk.

# P.U. STAATMAKERS BIED KONFERENSIE AAN

Die Nasionale Staatmakers-konferensie vir 1974 gaan deur die Jukskei-Staatmakerskomman do aangebied word.

Op 'n onlangse Provinsiale Staatmakerkomiteevergadering is Jan Nagtegaal aangewys as die sameroeper van die reëlingsko-mitee asook konferensiekom-mandant. Jan het reeds sy ko-mitee benoem wat bestaan uit:

Danie de Kock, Linda Smith, Ilse Visser, Gert Joubert, Tiep van Schaik, Thinus Boshoff.

Die lede van die komitee het reeds vergader en die werk is verdeel en die wiele is aan die rol vir die konferensie in Mei 1974.

Die Jukskei staatmakers be-oog om die aangenaamste kon-ferensie wat daar nog was aan te bied. Die eerste konferensie was by Aloe Fjord aangebied in 1970. Dit was 'n tipiese kamp-atmosfeer met tente en koue water. In 1971 was die konferen-sie in Bloemfontein en hy het bekend gestaan as Statie-op-razie. Die 1972 konferensie wat weer bekend gestaan het as Statie-ter-C is deur die Durba-niete op Winkelspruit aangebied. Op hierdie konferensie is egter 'n mylpaal in die geskiedenis van die Staatmakersafdeling van die Voortrekkerbeweging bereik deurdat daar 'n skakeldraer ver-kies is ('n pos wat vergelyk kan word met die A.S.B.-president). Statie-ter-Rust was hierdie jaar se konferensie en is deur die Pretorianers aangebied. Dit was 'n luukse konferesie op 'n besondere mooi te rein nab Rustenburg.

### TABLO.

Op hierdie laaste konferensie het die Jukskei Staatmakers 'n tablo wat met 'n kleurskyfie-vertoning toegelig is aangebied. Dit was so geslaagd dat die Pro-vinsie Sekretaris van die Voor-trekkers in Transvaal mnr. Gil-les van der Wall die Kommando versoek het om dit op film vas te lê. Hierdie film sal landswyd vertoon word.

### PRESIDENTSWONING.

Die Staatmakers beoog tans om die huis van President M. W. Pretorius te restoreer. Hierdie woning is reeds deur die Stads-raad aan die Staatmakers toege-ken en vir die ontvangs daarvan wag ons nou net dat die kaart en transport van die terrein oor-gedra word aan die Stadsraad.

### STAATMAKERS.

Staatmakers is die senior af-deling van die Voortrekkers en sluit alle naskoolse jeug in tot en met dertigjaar. Dit staan u egter vry om enige van u is ter eniger-tyd welkom om enige van ons byeenkomste te kom bywoon. Ons kom elke Maandag-aand om 7.00 nm. bymekaar by die gebou oorkant Fisika en langs huishoudkunde op die hoek langs die oop stuk parkeer-grond.

# Kunsvereniging kry besoek

Mevrou Beatrice Bosch 'n muurbehangselkunstenares het die kunsvereniging op Dinsdag-5 Junie toegespreek.

Haar belangstelling is toe-vallig ses jaar gelede gewek toe sy 'n fabriek besoek het op soek na leer vir 'n bedoortreksel. Uit 'n sak vol affalleer het haar eer-ste produkte ontstaan.

Haar tegniek is uniek en sy voer vyftig persent van haar leer vanaf die buiteland in. Die res verkry sy plaaslik. Sy beskou haar produkte as kunstige ge-bruiksartikels en haar ontwerp word spontaan gevorm. Slegs met groot produkte maak sy gebruik van instudering.

# Redaksie

Hoofredakteur — Japie Rob-bertse, Over-de-Voor.
Sub-redakteur — Lou Larney, Spruitstraat 34.
Sub-redaktrise — Madeleen Jor-daan, Klawerhof.
Sekretaris-Penningmeester — Dave v.d. Walt, Makouvlei.
Sosiaal — Mettie Janssens, Klawerhof.
Koshuisaangeleenthede — Louwtjie Louw, Liberalia.
Akademies — Jan Swanepoel, Thaba-Jah.
Kuns — De Villiers Lessing, 4053.
Sport — Johan Du Pisani, Liberalia.
Damesaangeleenthede—Wimpie Lemmer, Kulu.
Sirkulasiebestuurder — Corrie Kraamwinkel, Over de Voor.
Fotoredakteur — H. Retief, Liberalia.
Inter-Universitêr — Beatrice Moolman, Karlien.

# MODERNE BIBLIOTEEK . . .

★ Vervolg van bladsy 1.

Op hierdie vloer, omtrent reg bo die hoofingang sal drie foto-kopieërmasjiene geïnstalleer word. Die biblioteek het ook reeds 'n masjien wat verklein-ings kopieërwerk kan doen; die masjien sal egter slegs m.b.v. die biblioteek-personeel gebruik kan word.

Verder sal prof. Van Rooy en ander personeel se kantore op hierdie vloer wees.

### TWEEDE VLOER.

Waar die huidige tydskrif af-deling is, kom die tydskrif lees-kamer en die huidige magasyn sal van daar af die hele nuwe deel tot agter en tot in die middel van die hele gebou be-slaan. Die tydskrifafdeling se toonbank kom reg bo die hoof-ingang aan die voorkant van die gebou.

Die mirkofilmlesers sal min of meer in die middel wees. In die westelike agterste hoek kom die Afriena-afdeling. Voor hier die afdeling kom al die geskiede-nis en aardrykskunde boeke en voor die rakke is 'n lesingsaal vir die studente.

### DERDE VLOER.

Die boonste vloer bestaan slegs uit klaskamers wat van 100 tot 300 studente sitplek bied en in totaal ongeveer 2 400 studen-te kan akkommodeer. Die klas-kamers is tot beskikking van al die fakulteite om die gebrek aan lokale aan te vul en sal ook dien as eksamenlokale. Die eksamen-afdeling sal gedurende eksamen-tye kantore op dieselfde vloer hê.

Op die vloer sal ook 'n kuns-uitstallingslokaal wees.

Trappe aan die suide- en weste kant verleen toegang tot hierdie vloer en aan die oostekant is 'n oop balkon wat die hele breedte en ongeveer 20 treë van die lengte beslaan.

Die Departement Biblioteek-kunde sal die oostelike vleuel van die grond- en eerstevloer beslaan.

### KELDERVERDIEPING.

Die kelderverdieping is slegs onder die nuwe deel en nie onder die ou deel nie. Die oostelike deel sal gebruik word vir die berging van min gebruikte ma-teriaal. Die boeke sal in die rak-ke geberg word wat teenmekaar staan op spore en wat elektries van mekaar weggeskuif kan word.

Aan die westekant van die kelderverdieping kom die afrol-afdeling, die boekbindery en 'n lokaal vir die nie-blanke per-soneel.

Daar is ook aan die agterkant 'n hele reeks klein kantore aan-gebring vir nagraadse studente veral vir diegene wat besig is met magistergrade.

### INTERESSANTHEDE.

'n Baie welkome verandering wat aangebring gaan word is dat elke vakrigting se boeke by-mekaar gegroepeer gaan word, reg teenoor 'n lesingsaal, sodat al die regstudente byvoorbeeld langs en by al die regsboeke sal kan sit en werk.

Met die beplanning is aan 'n ieder en 'n elk gedink. Daar sal byvoorbeeld by die hoofingang 'n oprit wees waarvan persone met rystoele gebruik sal kan maak sonder hulp. Binne die biblioteek is daar geriewe om beweging van een verdieping na 'n ander moontlik te maak.

### BEPLANNING EN OMVANG.

Die beplanning van die biblio-teek in sy nuwe vorm het alreeds in die omgewing van 1965 begin. Soos dit noodwendig gedoen moes word, is die gebou vir 15 tot 20 jaar vooruit beplan.


Daar is sodanig beplan dat die rakke ten minste in halfmiljoen boeke sal kan bevat, met voor-siening vir sowat 6 000 studente. Daar is voorsiening gemaak vir sitplekruimte vir 1 200 studente. Daar is ook voldoende voorsien-ing gemaak vir moontlike outo-matisering in die toekoms deur die aanleg van die nodige geleier-buise.

Die voltooide geboue sal min of meer vyf maal die grootte van die ou gebou wees. Die ou gebou het 32 000 vierkante voet be-

Vervolg op bladsy 10.



**Die boekbindery in die kelderverdieping van die nuwe biblioteek..** *Fotokuns.*




ALLE MODELLE CITROEN BESKIKBAAR BY:

KOLLEGE DIENSSENTRUM

HOEK VAN VON WIELLIGH EN PRESIDENTSTRATE

TELEFOON 5800 POTCHEFSTROOM

